

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		MEI/JUNIE 2026	
VAK		AFRIKAANS HUISTAAL	
VRAESTEL		2	
PUNTETOTAAL		80	
TYDSDUUR (UUR)		2½	
AANTAL BLADSYE		27	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
 SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Die vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:
 - AFDELING A:** Gedigte (30)
 - AFDELING B:** Roman (25)
 - AFDELING C:** Drama (25)
3. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 3 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord. Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
4. Beantwoord die vrae direk, bondig en relevant.
5. Beantwoord **VYF** vrae in totaal: **DRIE** uit **AFDELING A**, **EEN** uit **AFDELING B** en **EEN** uit **AFDELING C**. **OEFEN JOU KEUSES SOOS VOLG UIT:**
 - AFDELING A: GEDIGTE**
 - GESIENE GEDIGTE – Beantwoord TWEE vrae.
 - ONGESIENE GEDIG – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.
 - AFDELING B: ROMAN** – Beantwoord EEN vraag.
 - AFDELING C: DRAMA** – Beantwoord EEN vraag.
6. **KEUSE VAN VRAE VIR AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**
 - Beantwoord **EEN OPSTELVRAAG** en **EEN KONTEKSTUELE VRAAG**.
 - As jy die literêre opstel in **AFDELING B** beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in **AFDELING C** beantwoord.
 - As jy die kontekstuele vraag in **AFDELING B** beantwoord, moet jy die opstelvraag in **AFDELING C** beantwoord.
 - Gebruik die kontrolelys om jou met die korrekte keuse te help.
 - Omkring die vrae wat jy beantwoord op die agterblad van jou antwoordboek.
7. **LENGTE VAN ANTWOORDE**
 - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
 - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
 - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die punttoekenning van elke vraag. Beantwoord die vrae direk.
8. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.
9. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel van hierdie vraestel.
10. Beantwoord **ELKE** afdeling op 'n **NUWE BLADSY**.
11. Voorgestelde tydsindeling:
 - AFDELING A:** ongeveer 40 minute
 - AFDELING B:** ongeveer 55 minute
 - AFDELING C:** ongeveer 55 minute
12. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.



Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees:

AFDELING A: GEDIGTE				
Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord <u>ENIGE TWEE</u> vrae.				
VRAAGNOMMER		VRAAG	PUNTE	BLADSY
1.	<i>Suiwer wiskunde</i>	Opstelvraag	10	5
2.	<i>Vroue van Vermeer</i>	Kontekstuele vraag	10	6
3.	<i>Die bokser</i>	Kontekstuele vraag	10	7
4.	<i>Dienaar van die gereg</i>	Kontekstuele vraag	10	8
EN				
Ongesiene gedig: VERPLIGTE vraag				
5.	<i>Safari</i>	Kontekstuele vraag	10	9
AFDELING B: ROMAN				
Beantwoord EEN vraag.*				
6.	<i>Onderwêreld</i>	Opstelvraag	25	11
7.	<i>Onderwêreld</i>	Kontekstuele vraag	25	11
8.	<i>Branderjaer</i>	Opstelvraag	25	14
9.	<i>Branderjaer</i>	Kontekstuele vraag	25	14
10.	<i>Donker web</i>	Opstelvraag	25	17
11.	<i>Donker web</i>	Kontekstuele vraag	25	17
AFDELING C: DRAMA				
Beantwoord EEN vraag.*				
12.	<i>Krismis van Map Jacobs</i>	Opstelvraag	25	20
13.	<i>Krismis van Map Jacobs</i>	Kontekstuele vraag	25	20
14.	<i>My Japan</i>	Opstelvraag	25	24
15.	<i>My Japan</i>	Kontekstuele vraag	25	24
*LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.				



KONTROLELYS				
Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.				
	AFDELING	VRAAGNOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK ✓
A:	Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1 – 6	2	
A:	Gedigte (Ongesiene gedig)	7	1	
B:	Roman (Opstel of kontekstueel)	8 – 15	1	
C:	Drama (Opstel of kontekstueel)	16 – 21	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG IN AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.				



AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: *Suiwer wiskunde* – N.P. van Wyk Louw

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die volgende langvraag.

Suiwer wiskunde	N.P. van Wyk Louw
1. Die uurwerk kantel. En die ligbruin by	
2. hang roerloos voor die blom wat nooit bevrug	
3. word, nooit sal saadskiet en nooit verby	
4. hierdie verstarde uur sal groei. Die lug	
5. het stil soos ys gaan staan, so wit en blou.	
6. Die brander wat wou oorbuig, val, en skuim,	
7. bly in die ligte sirkels vasgehou	
8. en moet sy see 'n ewigheid versuim.	
[Uit: <i>Nuwe Verse</i> , 1954]	

Die spreker maak gebruik van drie beelde, naamlik: die aarde, die see en die lug om die volle omvang van die gevolge van die stolling van tyd uit te beeld.

Bespreek hierdie beelde en die nagevolge van die stillstand van tyd in 'n opstel van **250 tot 300 woorde**.

[10]

EN / OF



VRAAG 2: *Vroue van Vermeer* – T.T. Cloete

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

Vroue van Vermeer	T.T. Cloete
1. Dit is meestal 'n mooi jong vrou. 2. Meestal is sy alleen binnenshuis, 3. dalk met 'n wit veraf brief wat sy vashou, 4. naby, in 'n gloeiende klein hand 5. voor 'n kleiner of groter oop 6. venster. Daar kom 'n ligte geruis 7. van 'n wêreld aan uit 'n land- 8. of groter wêreldkaart 9. wat teen die muurvlak oorkant 10. hang, daar waar seestrome en wind loop 11. met haar land se ganse skeepvaart. 12. Sy staan, sy sit, sy buk oor kant, 13. sy droom of sluimer 14. in lig wat in vlokkies of korrels brand 15. of dof kaats in die ruimer 16. ruimte van 'n skildery of spieël of in 'n wynhouer 17. ivoor maak, of sy speel klavesimbaal 18. of sy loer oor haar skouer 19. en dra 'n sonnende pêrel teen haar nek 20. se skadu. En altyd is daar lig wat áfstraal 21. ín in die liefse klein afgemete vertrek, 22. oorvloedig, uit die oop grote 23. universum en wat die klein aardse geslote 24. stilte in die onmeetlike laat asemhaal.	[Uit: <i>Driepas</i>, 1989]

- 2.1 Beskryf die stemming in die gedig in een woord. (1)
- 2.2 Verduidelik wat 'n beeldgedig is en waarom hierdie gedig as 'n beeldgedig geklassifiseer word. (2)
- 2.3 Wat suggereer die woorde “alleen binnenshuis” in versreël 2 oor die rol van die vrou in die Hollandse goue eeu en hoe pas dit aan by die stereotipering oor die plek van 'n vrou wat tot onlangs plaasgevind het? (2)
- 2.4 Benoem die stylfiguur wat in versreël 4 tot 5 voorkom EN dui die woorde wat hierdie stylfiguur ondersteun aan. (2)
- 2.5 Gee twee bewyse uit die gedig dat hierdie 'n voorbeeld van 'n vrye vers is. (2)
- 2.6 Bespreek kortliks die boodskap van die gedig. (1)

[10]

EN / OF



VRAAG 3: *Die bokser* – Ernst van Heerden

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

Die bokser	Ernst van Heerden
1. Die grense van die klein kryt	
2. is hellende onvastigheid.	
3. waar wit bors fier teen wit bors staan	
4. en skim teen skim die skynhou slaan;	
5. die lyf word wieging - ritmies, sterk -	
6. tot skerm en liemaak ingeperk;	
7. vier donker oë blits fel en woës,	
8. wyl twee gedaantes mik en koes;	
9. maar elke groteske vuus se smak	
10. laat lis en weerstand verder knak ...	
11. die liggaam is so rank gebou	
12. en weerloos teen dié man se hou;	
13. tog sal my mokerslag hom tref	
14. waar hy hom vaag en grynsend hef,	
15. sy beeld versplinter in die glas	
16. waar netnou my gestalte was;	
17. 'n flikker-weerskyn word verskerf,	
18. 'n lyf stort soos 'n koring-gerf ...	
19. Wie is die man wat roerloos lê,	
20. wie't 'n bekende naam gesê?	
21. Waarom die skaar aan't roep en fluit,	
22. En waarom flakker ligte uit ...?	
[Uit: <i>Verklaarde nag</i> , 1946]	

- 3.1 Verduidelik die konnotatiewe betekenis van versreël 1 en 2. (2)
- 3.2 Bespreek wat deur die woord "liemaak" in versreël 6 gesuggereer word. (2)
- 3.3 Benoem en verduidelik die gebruik van die leesteken in versreël 10. (2)
- 3.4 Haal een woord uit versreël 13 aan wat daarop dui dat die spreker subjektief by die geveg betrokke raak. (1)
- 3.5 Talle van die rymwoorde in die koeplette is werkwoorde. Waarom is dit in konteks van hierdie gedig gepas? (1)
- 3.6 Bespreek die tema van die gedig. (2)

[10]

EN / OF



VRAAG 4: *Dienaar van die nagereg* – Patrick Peterson

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Dienaar van die gereg

Patrick Peterson

1. wanneer ek, pie djy pie, dink aan u pa-pappa-pappie
2. sien ek
3. u langarm in 'n jas reënerige kakie op 'n groen raleigh
4. vir presies wees; 'n teen-koue-kakiekomers dik om u
5. lyf gespan; wasem wat soos spookasem uit u mond hang;
6. op kantoor besig met die administrasie
7. van wit mag; en buite brand die blou lig blouer teen.
8. die totale aanslag van links en swartwees; tussen twee tot tien
9. elf tot sewe vyf tot een en tien tot ses.

10. wanneer ek aan u werk dink pappa-piet
11. sien ek
12. 'n hart wat vuiste maak; haat wat opgroei en 'n
13. grootman raak; die maan wat snags u beatstap
14. tel; die wind altyd weer die wind op wolseley
15. wat die dood in sy knope opgaar; blink geelkoperknope -
16. waarin die volksnag lawenis soek; lexingtons
17. en way side twak; die apostoliese hawe – 'n kloekbaai
18. wat haar skuitjies bymekaar hou.

19. en eenkant langs die tafel voor die stoof sit en slaap
20. my skaduwees en ek. wag vir die kedoes medi
21. husse met lang-lang ore. wag vir tjoklit en humbugs.
22. wag vir die dienaar van die nagereg. wag vir ééndag.

[Uit: Amandla Ngawthu, 1985]

- 4.1 Verduidelik die tweeledigheid wat in die titel voorkom. (2)
- 4.2 Waarna verwys “pie djy pie” in die eerste versreël? (1)
- 4.3 “Langarm” kan konnotatief en denotatief gesien word. Verduidelik hierdie stelling. (2)
- 4.4 Haal 'n voorbeeld van halfrym uit versreël 7 aan EN verduidelik die funksie hiervan. (2)
- 4.5 Watter enkele woord wat herhaaldelik in die gedig voorkom dui op die respek wat die spreker vir sy pa het? (1)
- 4.6 Wat, dink jy, is die boodskap wat in hierdie gedig voorkom? (2)

[10]

EN



ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

VRAAG 5: *Safari* – D.J. Opperman

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

Safari		D. J. Opperman
1.	Niks	
2.	staan	
3.	stil –	
4.	alles	
5.	kry	
6.	voete,	
7.	beweeg	
8.	in	
9.	lang	
10.	stoete:	
11.	grassteeltjies,	
12.	kosyne,	
13.	stede	
14.	en	
15.	treine;	
16.	oor	
17.	Saharas	
18.	en	
19.	savannes	
20.	die	
21.	optog	
22.	van	
23.	alle	
24.	paaie	
25.	oor	
26.	die	
27.	wêreldrond	
28.	na	
29.	die	
30.	gaatjie	
31.	in	
32.	die	
33.	grond	
34.	o	

[Uit: *Kuns-mis*, 1964]



- 5.1 Verduidelik wat 'n safari is EN gee TWEE woorde uit die gedig wat by die safari-idee aansluit. (2)
- 5.2 Wat beteken die gesegde “om voete te kry”? (Versreëls 4 tot 6) (1)
- 5.3 Waarvan is die titel van hierdie gedig 'n metafoor EN hoe sluit die tipografie by hierdie gedagte aan? (2)
- 5.4 “die optog van alle paaie ... na die gaatjie in die grond” (Versreëls 21 tot 34)
- 5.4.1 Wat, volgens die spreker, is die eindbestemming van al hierdie paaie? (1)
- 5.4.2 Bespreek wie by hierdie bestemming gaan uitkom. Haal EEN woord aan om jou antwoord te staaf. (2)
- 5.5 Lewer kommentaar op die simboliek van die punt (as leesteken) ASOOK die vreemde voorkoms daarvan soos dit in versreël 34 voorkom. (2)

[10]**TOTAAL AFDELING A: [30]**



AFDELING B: ROMAN

ONDERWÊRELD – FANIE VILJOEN

INSTRUKSIES

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 6 (opstelvraag) **OF** Vraag 7 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling C beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

VRAAG 6: ONDERWÊRELD – LITERÊRE OPSTEL

Greg is vol selfvertroue en beskou homself as “bullet proof”, maar in die roman toon sy karakter ’n dieper karakterontwikkeling.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde deur te verwys na sy karaktereienskappe en sy karakterontwikkeling.

TOTAAL VRAAG 6: [25]

OF

VRAAG 7: ONDERWÊRELD – KONTEKSTUELE VRAE

Lees die uittreksels noukeurig deur en beantwoord die vrae wat op elkeen volg.

TEKS A

Toe begin die seuns wat by die vensters uithang die skoollied te sing. Die klanke van hulle stemme laat die hoendervleis op my arms uitslaan.

Een ná die ander verskyn die res van die Trappers; die ritueel wat hom herhaal. Groep vir groep. So word hulle deel van ons.

5

Maar nie almal vind hulle pad nie. Toe die son die rand van die berg in die ooste begin omlyn, is daar ses seuns kort.

“Ek sal hulle gaan soek,” sê ek.

Ses seuns wie se lot vanaand bepaal is. Hulle het nie hulle pad gevind nie. Hulle sal ook nie die jaar by Lawson uitsien nie. Daarvan sal ons seker maak. In die donker sal ek die verwarde siele se flitse uit hulle sakke haal en hulle sal dit nie eens weet nie. Die blinddoeke sal hulle self vir my gee. En hulle sal nie eens weet wat dit beteken nie.

10

Hulle sal die ouens wees wat gebrandmerk is. Hulle sal Trappers bly totdat hulle ouers hulle binnekort weer kom haal. Want om hier nie deel van die groep te wees nie, sal vir hulle hel word.

15



Ek sak in die donker weg, my armspiere dra my liggaamsgewig maklik. Toe ek die water onder my voete voel, en my asemhaling in die sementpyp na my toe terugkeer, hoor ek iets agter my. Nog iemand het saamgekom. Ek ruk my flits in die rigting van die geluid. 20

“Ek kom jou help,” sê die ou.

[Uit: Onderwêreld, 2023, bl. 37]

7.1

7.1.1 Wie is die ek-verteller in die teks en wat is sy rol by Lawson Kollege? (2)

7.1.2 Waarom laat die stemme hoendervleis op sy arms uitslaan? (2)

7.2 Wie is die Trappers in reël 4? Beskryf die ritueel waaraan hulle deelneem en verduidelik waarom die Trappers aan hierdie ritueel moet deelneem. (3)

7.3 Wat impliseer die onderstreepte gedeelte in reël 9? (2)

7.4 “... sal vir hulle **hel** word ...”

Later in die verhaal word die kollege vir Greg “hel”. Verduidelik hierdie stelling. (3)

7.5 Wie is die “ou” na wie verwys word in reël 21? Hoe het hy toegang verkry tot die kollege EN waarom moes hy juis op hierdie wyse toegang tot die kollege kry? (3)

[15]

EN

TEKS B

Die koeldrank drink ek terwyl ek terugloop polisiestasie toe. Dis teen die skool se reëls om in skoolklere te loop en eet of drink, maar ek gee nie nou 'n hel om nie. Wat is dit in vergelyking met wat Dok gedoen het? En wat het geword van al die waardes wat hulle vir ons wou leer? 5

Alles was net show.

Dis seker nie reg van my om al die onnies oor dieselfde kam te skeer as vir Dok nie. Maar ek is net so gatvol. Miskien voel ek beter as ek 'n bietjie ordentlike slaap gekry het.

Toe ek nader aan die polisiestasie kom, stop 'n polisievoertuig voor die deur. Ek gaan staan stil. Die geluid van motordeure wat oopgemaak word klink op in die straat. My hart donder skielik in my bors. Hulle boender vir Dok uit die motor, hou hom regop toe hy op sy knieë wil afsak. Hy ruk aan sy boeie. 10

“Jou klein pes!” skree hy toe hy my sien. Sy gesig is vertrek van woede. Daar is sweetvlekke op sy wit hemp. Hy verloor sy skoene. “Wat het jy gedoen? Ek sal jou kry, Greg. My mense sal jou kry.” 15

Dis al wat ek hoor, want hulle sleep-dra hom oor die sementpaadjie



en stoep die gebou in.

Nou skielik kom die verlamme vroe. Was dít wat ek gedoen het reg? Moes ek dit anders aangepak het? Of moes ek eerder my bek gehou het? Maar as ek stilgebly het, hoe sou die waarheid kon uitkom? Dan sal hulle dalk nooit vir Eckardt kan opspoor nie.

20

[Uit: *Onderwêreld*, 2023, bl. 171]

- 7.6 Waar speel hierdie toneel af? (1)
- 7.7 Wie is “hulle” in reël 4 en na watter waardes word daar verwys? (3)
- 7.8 Waarom is Dok in hegtenis geneem EN wat verklap dit van sy karakter dat hy uit die motor gesleep-dra moet word? (2)
- 7.9 Waarom twyfel Greg in homself in reëls 19 tot 21? Hoe sou jy gevoel het as jy in sy skoene was? (4)

[10]

TOTAAL VRAAG 7: [25]



BRANDERJAER – JOHA VAN DYK

INSTRUKSIES

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 8 (opstelvraag) **OF** Vraag 9 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling C beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

VRAAG 8: BRANDERJAER – LITERÊRE OPSTEL

Karakterisering is 'n belangrike aspek van enige roman. Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin Deidre se karakterbeelding en -groei volledig uiteengesit word.

TOTAAL VRAAG 8: [25]

OF

VRAAG 9: BRANDERJAER – KONTEKSTUELE VRAE

Lees die uittreksels noukeurig deur en beantwoord die vrae wat op elkeen volg.

TEKS C

“Deidre,” haar stem is kil. “Hoekom is jou skoolklere nat?”	
“Dis in die wasmasjien.”	
“Dis in die wasmasjien, ja, maar dis nie my vraag nie. Hoekom is hulle nat?”	5
Sy wil nie met haar ma praat oor die wiskundeklasse nie. Haar ma haat die Branderjaers, sy het al dikwels aan tafel gesê: “Daai seuns is 'n hofsak wat wag om te gebeur.” Sy sal maklik die ooreenkoms tussen Deidre, juffrou Kruger en Louw afsny en 'n ander plan probeer maak. Deidre wil nie 'n ander plan hê nie. Nog nie. 'n Deel van haar is vies omdat sy so oor 'n Branderjaer voel dat sy vir haar ma jok. Oor nog wiskundeklasse, nog 'n mislukking. 'n Ander, groter deel van haar is nuuskierig oor die Jaer.	10
“Ek was saam met Bells by die strand,” rol die witleuen oor haar tong. “Daar was 'n klomp kinders wat gespeel het. Hulle't ons natgespat.”	15
Onmiddellik ontspan haar ma se gesig, so desperaat vir 'n onskuldige antwoord dat sy dit aanvaar. Asof dit piekfyn is dat Deidre haar tyd op die strand gemors het.	20



“Oukei, maar jy kon net so gesê het, Deidre.” Haar ma ontspan heeltemal, arms los langs haar sye. Dis haar ma se beste uitdrukking van ontspanne - iets wat sy wegsluit tydens werksure, iets wat Deidre skaars sien gedurende die oggende voor haar ma gaan werk, net laataand wanneer haar ma en pa ’n glas rooiwijn by die kaggel drink. As hy huis toe kom. 25

[Uit: Branderjaer, 2020, bl. 72-73]

9.1

9.1.1 Deidre se ma se stem word as *kil* beskryf. Verduidelik hoe die woord *kil* konnotatief op haar ma as mens van toepassing is en hoe dit die verhouding tussen ma en dogter beïnvloed. (3)

9.1.2 Watter enkele woord uit reëls 11 tot 14 wys hoe Deidre dink dat haar ma oor haar voel? (1)

9.2 “Daai seuns is ’n hofsaak wat wag om te gebeur.” (Reël 8)

9.2.1 Wie is die seuns waarna verwys word? (1)

9.2.2 Waarom verwag Deidre se ma dat hierdie seuns in die hof gaan beland? (2)

9.3 Oor watter spesifieke Jaer is Deidre nuuskierig en watter rol speel hy in Deidre se lewe? (3)

9.4 Wat impliseer die laaste paragraaf en spesifiek die onderstreepte sin oor die Anker-gesin? (2)

[12]

EN

TEKS D

[PROJEKSIE, STEM DUIDELIK NOU]

Maar al Prof se notas verdwyn opeens en skielik is hy nes Ben, sy woorde te vinnig, asof hy al te lank aan een teks lees en net alles wil uitkry voor hy begin twyfel.

“Ons sê vir niemand om te doen wat ons doen nie, ons sê vir niemand dis die voorbeeld wat hulle moet volg nie. Dis hulle eie keuse. Hulle besluit om -” verdedig hy. Ellis het amper ’n senu-ineenstorting gehad toe hy die nuwe artikel gelees het. Malherbe was stom vir dae, juis omdat dit hierdie keer kransduik was. Ná die Maties-insident was dit net nog ’n hou vir die Jaers. Die ouens wou die Jaers se hoogte oortref, 5 10



maar het dit way te ver gevat. "Sy vriend het self erken hy wou laer duik, dit was 'n fout, 'n judgement call-"

"Dis naïef," hap die advokaat.

"Stop! Stop net."

15

"Jammer," fluister Louw vir Deidre, sy palm rus op haar kneukels.

"Dis seker opwindend," probeer haar pa die situasie red. Louw was nog nooit so dankbaar vir 'n man met bloedbe-
lope oë nie. "Ek het destyds motorfiets gery. Die adrenalien was iets uit 'n ander wêreld," sug hy.

20

"Ja, die gevoel is die moeite werd, maar die sport is be-
langrik vir baie mense. Ek't al mense ontmoet wat volhou dit
het hulle lewe verander om meer te waag."

"Wat doen jy volgende jaar, Louw?" Die oom se vinger
trek sirkels om die rand van sy wynglas.

25

[Uit: Branderjaer, 2020, bl. 248]

9.5 Wie is die fokalisator in hierdie teks EN wat is sy bynaam? (2)

9.6 Lees reëls 1 tot 4.

9.6.1 Bespreek die eerste sin van hierdie teks volledig. Wat, dink jy, beeld dit van die persoon in VRAAG 9.5 uit? (3)

9.6.2 Waarom, dink jy, verdwyn Prof se notas opeens en skielik? (1)

9.7 Wie is Ben EN wat kan ons van hom uit hierdie uittreksel aflei? (2)

9.8 Waarom pas Deidre se ma se reaksie by Louw se verduideliking? (2)

9.9 "Ek het destyds motorfiets gery. Die adrenalien was iets uit 'n ander wêreld," sug hy. (Reël 20 en 21)

Wat kan jy uit die aanhaling van Deidre se pa aflei? (2)

9.10 Wat is jou persoonlike mening oor die Jaers se adrenalienaktiwiteite? (1)

[13]

TOTAAL VRAAG 9: [25]



DONKER WEB – FANIE VILJOEN

INSTRUKSIES

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 10 (opstelvraag) **OF** Vraag 11 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling C beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

VRAAG 10: DONKER WEB – LITERÊRE OPSTEL

Greg ondergaan karakterontwikkeling in die roman en ontwikkel as 'n sterk en onafhanklike karakter. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

TOTAAL VRAAG 10: [25]

OF

VRAAG 11: DONKER WEB – KONTEKSTUELE VRAE

Lees die uittreksels noukeurig deur en beantwoord die vrae wat op elkeen volg.

TEKS E

Ek gaan skep vars lug op die balkon om tot verhaal te kom. Steeds dring die brutale beelde hulle aan my op. Oor en oor.	
Dis die flitsliggeheue waarvan sielkundiges praat: iets wat so skokkend is dat jy elke detail daarvan helder onthou.	
Die afstootlike video gaan die res van my lewe by my spook.	5
Na 'n paar diep asemteue stap ek weer die woonstel binne, sluit die balkondeur.	
<i>Ek is so jammer. Ek het nie geweet nie, tik ek vir Xander.</i>	
My woorde klink simpel, leeg, ontoereikend.	
<i>Dan was dit nie jy wat die video op die server gesit het nie?</i>	10
<i>Nee.</i>	
'n Ruk lank is daar geen nuwe boodskap nie. Maar dan, uiteindelik, brand die woorde oor my skerm: <i>Dit moet dan die Baker wees.</i>	
<i>Jy is reg, ons moet hom kry.</i>	
<i>Sal jy my help?</i>	15
<i>Ja.</i>	
<i>Jy bedoel ons gaan wraak neem?</i>	
<i>Ons gaan hierdie ding vir eens en vir altyd uitsort.</i>	
Hy ontwyk my vraag, systap dit soos 'n vaardige rugbyspeler.	
Moet dit my bangmaak? Ek weet nie. Ek het immers aan my eie bas	20



gevoel hoe Xander wraak neem, maar ek het nou tot hier gekom.

Die Gordiaanse knoop moet losgemaak word.

Weet jy waar ek bly? tik ek.

Ja.

Cool.

25

Maar ek kom nie na jou toe nie.

???

Jy kom na my toe.

Waar's jy?

Weer antwoord hy 'n hele ruk lank nie. Dan ...

30

Ek gaan vir jou twee pakkies stuur.

[Uit: Donker web, 2020, bl. 133-134]

11.1

11.1.1 Wie is die ek-verteller in hierdie teks en watter TWEE karaktereienskappe van hom kan uit hierdie gedeelte afgelei word? (3)

11.1.2 Watter beelde spook by hom? (1)

11.2 Watter misverstand tussen Xander en die ek-verteller word in hierdie gedeelte opgelos? (2)

11.3

11.3.1 Wat is 'n Gordiaanse knoop (Reël 22)? (1)

11.3.2 Wat is die Gordiaanse knoop in konteks van hierdie teks? (2)

11.4

11.4.1 Watter intertekstualiteit is ter sprake met die keuse van die naam *die Baker*? (1)

11.4.2 Wat is die byname van die ander karakters wat saam met die Baker werk? (3)

11.5 Waarom is die taalgebruik tussen die twee karakters gepas? (2)

11.6 Wat was in die twee pakkies wat gestuur is? (2)

[17]

EN



TEKS F

My asem ruk toe 'n hand voor die kamera verbykom. Dit tel 'n pen op.	
Steeds nie 'n gesig nie.	
Ek wag. Die bloed bruis vinniger in my are.	
Weer kom die hand. Hierdie keer na 'n selfoon wat op die lessenaar lê. Ek hoor die sagte biepgeluide soos hy 'n nommer skakel.	5
Geen stem nie, asof hy dalk na boodskappe luister.	
In my styg die angstigheid hoër en hoër,	
Meteens skuif 'n figuur in beeld. Voor die venster regs. Swart geëts teen die nagblou hemel.	10
Net 'n rug. Die Baker s'n.	
Steeds styg die spanning hoër in my.	
"Wys jou flippen gesig," fluister ek vir die skerm. Elke spier in my lyf snaarstyf en my gesig sentimeters van die beeld af. "Draai om, draai om, draai -"	15
"Some wine?" vra die vrou wat ek netnou gehoor het. Sy is seker nader, want ek kan haar duideliker hoor.	
"Yes, please," antwoord die Baker. Dis die eerste keer dat ek hom hoor praat. Ek weet nie wat ek verwag het nie. 'n Monsteragtige growwe stemtoon? Maar nee, sy stem het 'n kalm resonansie, met 'n onderliggende drif wat deurskemer, soos iemand wat dalk toesprake sou kon lewer. "Could you get me something to eat as well, darling? I'm starving."	20
Dan draai die man weg van die venster en stap na die kamera. Gaan sit en skuif sy stoel in. Sy gesig reg in beeld.	25
Die Baker!	
Het hom!	

[Uit: Donker web, 2020, bl. 305]

- 11.7 Verduidelik waar Greg hom bevind EN hoe dit gebeur het dat Oom Dirk saam met hom daar is. (3)
- 11.8
- 11.8.1 Greg voel angstig. Verduidelik volledig wat aanleiding gegee het tot sy verhoogde angstigheid? (2)
- 11.8.2 Hoe sou jy opgetree het as jy in Greg se skoene was? (2)
- 11.9 Dink jy die Baker se einde was gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

[8]

TOTAAL VRAAG 11: [25]

TOTAAL AFDELING B: [25]



AFDELING C: DRAMA

KRISMIS VAN MAP JACOBS – ADAM SMALL

INSTRUKSIES

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 12 (opstelvraag) **OF** Vraag 13 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling B beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

VRAAG 12: KRISMIS VAN MAP JACOBS – LITERÊRE OPSTEL

In die drama, Krismis van Map Jacobs, speel die orkes 'n belangrike rol in die tema van Map se bevryding, maar ook van sy gevangenskap. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

TOTAAL VRAAG 12: [25]

OF

VRAAG 13: KRISMIS VAN MAP JACOBS – KONTEKSTUELE VRAE

TEKS G

CYRIL:	Sê ma' vark, ou dad. Dan praat jy mos onse taal, hierso vannie township, mister Carvernelis. Dán kan ons same praat ...	
CAVERNELIS:	Laat stáán julle vir Blanchie! Wat meen jy, teen my?	5
TOMMY:	Manne ... Please, please ... <i>Stilte.</i>	
CYRIL:	Why? Because jy use vir Blanchie, jy, ou dad. Sy bring mos cash in, cash. Daai's mos al waarin jy interested is, die ... (<i>Gebaar met sy vingers wat "cash" beteken.</i>) Jou eie vleis en bloed, en jy use vir haar so ...	10
CAVERNELIS:	(<i>lê half teen Tommy, huil half</i>): Ons doen vir julle niks nie, so laat staan vir ons ... (<i>Hy skreeu nou amper.</i>) Los vir ons! Laat staan vir ons! Ek werk vir my gesin ...	15
CYRIL:	En Blanchie werk oek ... ek meen, jy lat haar werk, nè, uncle ... En wiet jy hoekô? Dink jy ons wiet nie? Ga! 'Is mos true, nè. Ons het die storie gehoor, en, after all, onse oë is nie in onse agterste nie! Haitie-	



taities!	20
CAVERNELIS: (<i>nou opgewonde</i>) 'Is nie julle saak nie! 'Is nie julle besigheid nie!	
CYRIL: Moenie so panic nie, ou dad. Ons verstaan. Dink jy ons verstaan nie? Jy en die missies (<i>wys boontoe</i>), julle wil vir julle ytkoop hierso yt die township yt. Julle spaar vir 'n plotjie grond en 'n hys, somewhere else. In 'n decent coloured area. (<i>Beklemtoon "decent".</i>) Julle wil hierso yt onse township yt escape. (<i>Wys na die geboue.</i>) Right? Djulle fit mos nie in nie, dis nie julle soorte lewe nie! Nie onse types nie! (<i>Wys na Richie, na Tommy, na homself.</i>) ... Fair enough! (<i>Lag.</i>)	25
	30

[Uit: *Krismis van Map Jacobs*, 2018, bl.21 en 22]

13.1 Herlees reëls 8 tot 11.

Watter karaktereienskappe van Cavernelis kan uit hierdie reëls afgelei word? (2)

13.2 *Ek werk vir my gesin.* (Reël 14 en 15)

13.2.1 Watter TWEE werke doen Cavernelis om sy gesin te onderhou EN waarom werk hy so aanhoudend? (3)

13.2.2 Hoe sluit Cyril se woorde "jou eie vleis en bloed" (reël 10 en 11) by die antwoord in VRAAG 13.1 aan? (2)

13.3 Cyril beklemtoon "decent" in reël 27.

Met watter toon uiter Cyril die woord "decent" EN wat, dink jy, is die rede hiervoor? (2)

13.4 Watter tipe konflik kom hier tussen Cavernelis en Cyril voor EN op watter wyse word dié konflik opgelos? (2)

13.5 Wat is die funksie van die neweteks in reël 30 tot 31? (1)

13.6 Dink jy dat Cavernelis vir Blanchie dwing om op 'n "slegte" manier geld te maak? Motiveer jou antwoord. (1)

[13]

EN



TEKS H

EEN:	Hê, watter band is dit dié?	
TWEE:	(wil antwoord, maar weet ook nie en vra eers 'n ander: Hoe call hulle nou weer vir hulle?	
DRIE:	(wat weet): 'Is die Star of Redemption, man!	
TWEE:	O! (<i>Dan aan EEN</i>) 'Is die Star of the Redemption!	5
	Hulle practise al vir Krismis! Dan loep hulle mos!	
EEN:	Star of the wát?!	
DRIE:	Redemption, man!	
'N ANDER:	Star of the Redemption ...	
EEN:	O! Maar hulle practise darem vroeg al vi'jaar!	10
DRIE:	Well, Oompie Paulsen wil hê al die koppe moet hulle kant toe kom vi'jaar ...	
STEM:	Seker so ...	
	<i>Die orkes speel. Die mense praat</i>	
	<i>Die lig verander. Blanchie verskyn, mooi aangetrek, op pad uit.</i>	15
	<i>Ons sien vir Maud by 'n venster bo, vanwaar sy na onder loer.</i>	
TOMMY:	Hello, Blanchie.	
BLANCHIE:	(<i>traag om hom te groet</i>): O, hello, Tommy ...	
TOMMY:	Ek sê, Blanchie, jy moet maar yt-watch, jong	20
	<i>Sy antwoord hom nie, stap verby.</i>	
	<i>Die orkes stem instrumente op die agtergrond. Die kerrim – spelers giggel en raak moveerderig met Blanchie wat straataf beweeg.</i>	
TOMMY:	Sorry, Blanchie, ek't dit nie so ge-bedoel nie, man	25
	...	
CYRIL:	Stýle, nè, sy't darem stýle, sê'k nie!	
RICHIE:	Lekke'!	
	<i>Blanchie verdwyn.</i>	
CYRIL:	Have a nice time! ...	30
	<i>Hulle speel.</i>	
CYRIL:	Seker weer op pad wêk toe! ...	
	<i>Speel.</i>	
CYRIL:	Wêk toe! Sê'k nie! Lonely hearts! Massage parlour!	
	Fancy names!	35
RICHIE:	Okay, man ...	
TOMMY:	Hoe mien julle?	
CYRIL:	Jy wiet mos, man, hoe act jy so of jy ignorant is?	
TOMMY:	Nei, hoe mien jy?	
CYRIL:	Okay, hoe kom jy dan nou so vir haar op? Hê?	40
	<i>Stilte.</i>	
CYRIL:	Omdat Map Jacobs nou ytkom en ammal moet nou beginne cover-up!?	

[Uit: Krismis van Map Jacobs, 2018, bl. 5 en 6]



- 13.7 Waarom word daar na die karakters wat in hierdie uittreksel begin praat, verwys as een, twee, drie en ander? (1)
- 13.8 Waarna verwys “Star of Redemption” en waarom is die naam, na aanleiding van die gebeure in die drama, nie gepas nie? (2)
- 13.9 Map sê in die drama vir sy ma dat Oompie Paulsen-hulle “regte” mense is.
- 13.9.1 Dink jy Oompie Paulsen tree reg op teenoor Map ná sy vrylating? Motiveer jou antwoord. (1)
- 13.9.2 Noem DRIE ander karaktereienskappe van Oompie Paulsen wat uit die drama afgelei kan word. (3)
- 13.10
- 13.10.1 Watter tema van die drama sluit by Maud se handeling in reël 16 en 17 aan? (1)
- 13.10.2 Haal ’n woord uit reël 40 tot 43 aan wat by dié tema aansluit. (1)
- 13.11 Herlees reëls 22 tot 24.
- 13.11.1 Hoekom tree die kerrimspelers “moveerderig” teenoor Blanchie op? (2)
- 13.11.2 Dink jy dat die optrede van die kerrimspelers regverdig is? Motiveer jou antwoord. (1)

[12]**TOTAAL VRAAG 13: [25]****OF**



MY JAPAN – SCHALK SCHOOMBIE

INSTRUKSIES

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 14 (opstelvraag) **OF** Vraag 15 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling B beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

VRAAG 14: MY JAPAN – LITERÊRE OPSTEL

Karakterisering is 'n belangrike aspek van enige drama. Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin Ilse se karakterbeelding en karaktergroei volledig uiteengesit word.

TOTAAL VRAAG 14: [25]

OF

VRAAG 15: MY JAPAN – KONTEKSTUELE VRAE

TEKS I

MA: <i>(roep)</i> Ilse!	
ILSE: Mmmmmmm?	
MA: Ilse, waar kruip jy weg wanneer ek jou nodig het?	
ILSE: <i>(kreun)</i> : Uh-uhhhh!	
MA: Ag kom help vir Mamma!	5
ILSE: <i>(mompel)</i> : Kannie nou nie ...	
MA: <i>(tergend)</i> : Luiaard, gaan kyk na die mier. Hy versamel in die somer vir die honger tyd wat kom.	
ILSE: Mmmmmmmmmmm?	
MA: Danie! Waar's jy? Jou stouterd!	10
 <i>'n Seuntjie in kortbroek speel laggend tussen die lakens en klere, kruip weg vir die ma.</i>	
 <i>Weerlig blits agter.</i>	
MA: Danie! Kom hier! As ek my sonde nie ontsien nie! Ilse, kan jy kom help om jou boetie se vuil hande van my wasgoed af te hou!	15
 <i>Links verskyn Matrone en Suster, albei in wit uniform. Matrone deel gekleurde pille aan Suster uit. Die pille</i>	



<i>word in klein plastiekhoutjies op 'n trollie of skinkbord gepak.</i>		20
MATRONE:	Groen pilletjie.	
SUSTER:	Groen pilletjie.	
MATRONE:	Vir jaloesie.	
SUSTER:	Vir die groen-oog monster.	
<i>Donderweer rammel in die verte. Die ma kyk gesteurd op.</i>		25
MA:	Ag nee! Kan jy glo?	
ILSE:	(in haar slaap): Dit was 'n donker en stormagtige nag ...	
MA:	Nou moet ek alles weer afhaal. Ilse, kom help my!	
ILSE:	(mompel): Kannie nou nie! Besig met 'n spookstorie.	30
MATRONE:	Geel pilletjie.	
SUSTER:	Geel pilletjie.	
MATRONE:	Vir selfbeheersing.	
SUSTER:	Vir knyp en vasbyt.	
MA:	(haal wasgoed haastig af): Luiaard se liggie gaan dood in stikdonkerte. Ilse, gaan jy opstaan of nie!	35
ILSE:	(rol rond): Los my uit, los my!	
MA:	Klein merrie! Die glas is halfvol, nie halfleeg nie.	
<i>Danie verdwyn laggend agter een van die lakens.</i>		
ILSE:	(sit regop, dromend): Kyk, dis hy! Akashita, die monster wat in die swart wolk bokant die vloedhekke oprys!	40
<i>[Uit: My Japan, 2016, bl. 26 en 27]</i>		

- 15.1 Waarmee was Ilse besig terwyl haar ma haar geroep het? (1)
- 15.2 Waarom kan hierdie uittreksel as deel van die eksposisie gesien word? (1)
- 15.3 Herlees reëls 10 tot 12.
- 15.3.1 Wie is Danie EN hoe dra hy tot Ilse se innerlike konflik by? (2)
- 15.3.2 Wat doen Ilse in die drama om haar hartseer te probeer besweer? (2)
- 15.4 Verduidelik die verskyning en optredes van die matrone en suster. Watter gebeurtenis beeld hulle uit? (2)
- 15.5 Watter stemming word deur die toneelaanwysings/neweteks in reëls 25 en 26 geskep? (1)



15.6

15.6.1 Watter karaktereienskap van Ilse word in reël 38 uigelig EN watter gebeurtenis in haar familie lewe dra tot hierdie eienskap by? (2)

15.6.2 Bespreek in watter opsig Ilse se werklike ouers van haar Japannese ouers verskil. (1)

15.7 Herlees reël 40 en 41.

15.7.1 Gee TWEE kenmerke van Akashita. (2)

15.7.2 Lewer kommentaar op Akashita se negatiewe SOWEL AS positiewe bydrae tot Ilse se karakterontwikkeling. (4)

[18]**EN****TEKS J**

Ilse staan op, trek die kimono uit en hang dit in die middel aan die wasgoeddraad op. Sy gaan staan skuins voor haar kostuum.

Tydens die toneel kom al die karakters op, hang kostuums ensovoorts aan die draad en neem hul plekke in.

ILSE: *(tik op haar skootrekenaar/mimiek):* Met 'n bevolking van 126,8 miljoen wat op 40 persent van die land woon, is dit verstaanbaar dat ruimte in Japan skaars is. Elke krieseltjie ruimte is kosbaar. 5

Engela kom op en hang haar skoene aan die draad op.

ENGELA: *(Skype):* Jy het verskillende skoene nodig. Vir stap, vir werk, vir sport, vir die huis. Jy's gedurig besig om skoene aan en uit te trek, aan en uit! 10

Die ma kom op en hang haar moderne klere (aan 'n hanger) op die draad. Sy het slaapklere aan.

MA: In die stad is dit die korporatiewe kultuur, 'n streng hiërargie. Selfmoord is endemies onder beroepsmense. 15

Gerrit en Wim kom op en hang twee identiese formele pakke (aan hangers) aan die draad op.

ILSE: *(vies):* Hei! Wie skryf hierdie toespraak!

Juffrou Venter kom op en hang 'n Japannese vlag aan die draad op. 20



JUFFROU Reis verbreed jou horisonne. Om te
 VENTER: leer van ander kulture is om nuwe respek en liefde vir jou eie kultuur te kry.
 ILSE: Dankie! Mmmmmmm. Die songodin het Japan geskep en hulle glo die kiesers is haar afstammeling. 25
Lukas kom op en hang 'n Manga-animasiegesig aan die draad.
 LUKAS: Japannese Manga rock!
 ILSE: Hoe moet ek konsentreer?
Lukas gaan loer oor haar skouer.
 LUKAS: Om nie van Japannese horror movies te praat nie! 30
 WHAA!
Elzette kom op en hang haar swart uitrusting aan die draad op. Sy beweeg soos 'n zombie.

[Uit: *My Japan*, 2016, bl. 52–53]

- 15.8 Watter aksie beklemtoon Engela se vertelling in reëls 10 tot 12? (1)
- 15.9 Wat word deur Gerrit en Wim met die ophang van hul kostuums uitgebeeld? (1)
- 15.10 Watter populêre en stereotiperende aspek van Japan vind ons in hierdie uittreksel? (1)
- 15.11 Herlees reël 32 tot 33.
 Gee 'n karakterbeskrywing van Elzette soos die leser haar in die drama leer ken EN bespreek die simboliese betekenis van haar optrede hier. (2)
- 15.12 Wat, dink jy, is die tema en boodskap van hierdie drama? (2)

[7]

TOTAAL VRAAG 15: [25]

TOTAAL AFDELING C: [25]

GROOTTOTAAL: [80]